basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994–Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**
- *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* — Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**
- *Waiting for Godot* — Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* — Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* — André P Brink
- *The Bald Primadonna* — Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* — Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**
- *Skrapnel* — Willem Anker
- *Top Girls* — Carol Churchill
- *Popcorn* — Ben Elton
- *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 2: *Woza Albert!* — Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**
VRAAG 3: *Sophiatown* — Junction Avenue Theatre Company **OF**
VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* — PG du Plessis

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 5: *Nothing but the Truth* — John Kani **OF**
VRAAG 6: *Groundswell* — Ian Bruce **OF**
VRAAG 7: *Mis* — Reza de Wet

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling is VERPLIGTEND. Beantwoord VRAAG 8 en 9.**

## AFDELING A: 20ste-EEUSE TEATERBEWEGINGS

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

### VRAAG 1

Verwys na BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

### BRON A

> Mense het in die 20ste eeu gebroke gevoel nadat hulle die verwoesting en verlies van twee wêreldoorloë ervaar het wat die lewens van miljoene mense geëis het.
>
> Die gevoelens van angs, wanhoop en hopeloosheid oor die toestand van die wêreld word in die temas van die toneelstukke van die 20ste eeu gesien. Baie toneelstukke gaan oor korrupsie en gierigheid, die vrees of gevolge van oorlog en die verlange na verandering in 'n nuwe môre.
>
> Deesdae, in die 21ste eeu, moet mense die gevolge van die Covid-19-virus, korrupsie, armoede en werkloosheid en die bedreiging van nog 'n wêreldoorlog hanteer. Dit blyk dat ons baie met die verlede in gemeen het.
>
> – Lara Chanteuse

Besin oor BRON A en bespreek, in 'n opstel, die lesse wat ons uit die verlede kan leer om ons te help om die hede te hanteer en 'n beter toekoms te skep. Verwys na die *karakters*, *temas* en *boodskappe* van die toneelteks en die 20ste-eeuse Teaterbeweging wat jy hierdie jaar bestudeer het.

Skryf die titel van die toneelteks en die 20ste-eeuse Teaterbeweging wat jy bestudeer het (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater) aan die begin van jou opstel neer.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994**

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B: VERHOOGAANWYSINGS VIR DIE OPENINGSTONEEL VAN *WOZA ALBERT!***

*The actors enter and take their positions quickly, simply. Mbongeni sits on the tea chests at the point where they meet in the middle. Percy squats between his legs. As they create their totem (image), the house lights dim to blackout.*

*On the note of their music, overhead lights come on, sculpting them. They become an instrumental jazz band, using their bodies and their mouths to create a double bass, saxophone, flute, drums, bongos, trumpet, etc. At the climax of their performance, they transform into an audience, applauding wildly.*

2.1 Verduidelik die funksie van die verhoogaanwysings in 'n toneelstuk. (2)

2.2 Identifiseer die tegniese element wat in reël 3 en 4 van die verhoogaanwysings gebruik is. (2)

2.3 Bespreek die dramatiese effek wat geskep is deur die tegniese element wat in die antwoord op VRAAG 2.2 geïdentifiseer is. (4)

2.4 Stel voor hoe die akteurs vokale en/of fisiese vaardighede kan gebruik om *'become an instrumental jazz band, using their bodies and their mouths'* en *'they transform into an audience'* (reëls 4 tot 7).


**Vertaling:**
Stel voor hoe die akteurs vokale en/of fisiese vaardighede kan gebruik om *' 'n instrumentele jazz-orkes met gebruik van hulle liggame en hulle monde te word'* en *'hulle verander in 'n gehoor'* (reëls 4 tot 7). (6)

2.5 Beskryf 'n geskikte stel vir 'n produksie van *Woza Albert!*. (2)

2.6 Analiseer hoe die akteurs die stel wat in jou antwoord op VRAAG 2.5 beskryf is, kan gebruik om die openingstoneel te skep. (8)

Bestudeer BRON C en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C: VISUELE BEELDE WAT MET *WOZA ALBERT!* VERBAND HOU**

| A | B |
| --- | --- |
|  [Bron: Foto deur Lauge Sorenson] |  |

2.7 Motiveer hoe VISUELE BEELD A, in BRON C, die positiewe in die lewens van die karakters in die toneelstuk uitbeeld (wys). (6)

2.8 Evalueer hoe VISUELE BEELD B, in BRON C, die temas en boodskappe van die toneelstuk kan uitlig. (10)
**[40]**

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D: VERHOOGAANWYSINGS VIR DIE OPENINGSTONEEL VAN *SOPHIATOWN***

*Shafts of light slowly reveal the Cast as they sing 'Kofifi, Sophia'. Mingus is centre stage, his hat pulled low over his eyes. Mingus returns to his seat, the song quietens to a murmur and JAKES rises to speak.*

3.1 Verduidelik die funksie van die verhoogaanwysings in 'n toneelstuk. (2)

3.2 Identifiseer die tegniese element wat in reël 1 van die verhoogaanwysings gebruik is. (2)

3.3 Bespreek die dramatiese effek wat geskep is deur die tegniese element wat in die antwoord op VRAAG 3.2 geïdentifiseer is. (4)

3.4 Stel voor hoe die akteurs vokale en/of fisiese vaardighede kan gebruik om die openingsoomblikke van die toneelstuk op te voer. (6)

3.5 Beskryf 'n geskikte stel vir 'n produksie van *Sophiatown.* (4)

3.6 Analiseer hoe die akteurs die stel wat in jou antwoord op VRAAG 3.5 beskryf is, kan gebruik om die openingstoneel te skep. (6)

Bestudeer BRON E en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E: VISUELE BEELDE WAT MET *SOPHIATOWN* VERBAND HOU**

**A**



[Bron: Mutualart.com]

**B**




[Bron: Foto deur Mpho Kwezi]

3.7 Motiveer hoe VISUELE BEELD A, in BRON E, die positiewe in die lewens van die karakters in die toneelstuk uitbeeld (wys). (6)

3.8 Evalueer hoe VISUELE BEELD B, in BRON E, die temas en boodskappe van die toneelstuk kan uitlig. (10)
**[40]**

**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F: VERHOOGAANWYSINGS VIR DIE OPENINGSTONEEL VAN *SIENER IN DIE SUBURBS***

*Wanneer die skerm (gordyn) opgaan is daar blykbaar niemand op die verhoog nie. Dan kruip Tjokkie onder die motor uit en gaan na die werksbank. Hy vee sy hande aan 'n lap af en gaan voort met die slyp van die kleppe. Sy hande beweeg vinnig, hy inspekteer soms, sit telkens slyppasta by. Ma kom sonder 'n woord deur die kombuisdeur in (die gaasdeur klap). Sy hang 'n paar stukkies wasgoed op, en loop dan terug.*

4.1 Verduidelik die funksie van die verhoogaanwysings in 'n toneelstuk. (2)

4.2 Identifiseer die tegniese element wat in reël 1 van die verhoogaanwysings gebruik is. (2)

4.3 Bespreek die dramatiese effek wat geskep is deur die tegniese element wat in die antwoord op VRAAG 4.2 geïdentifiseer is. (2)

4.4 Stel voor hoe die akteurs vokale en/of fisiese vaardighede kan gebruik om hulle karakters te vertolk. (8)

4.5 Beskryf 'n geskikte stel vir 'n produksie van *Siener in die Suburbs.* (4)

4.6 Analiseer hoe die akteurs die stel wat in jou antwoord op VRAAG 4.5 beskryf is, kan gebruik om die openingstoneel te skep. (6)

Bestudeer BRON G en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G: VISUELE BEELDE WAT MET *SIENER IN DIE SUBURBS* VERBAND HOU**

| A | B |
|---|---|
|  [Bron: Mubi.com] |  [Bron: countertorrent.org] |

4.7 Motiveer hoe VISUELE BEELD A, in BRON G, die positiewe in die lewens van die karakters in die toneelstuk uitbeeld (wys). (6)

4.8 Evalueer hoe VISUELE BEELD B, in BRON G, die temas en boodskappe van die toneelstuk kan uitlig. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

## VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H: KOMMENTAAR DEUR 'N DRAMATIESE KUNSTE-LEERDER**

> Die toneelspel in 'n realistiese toneelstuk kom soms so werklik voor dat ons daarby aansluiting kan vind! Ons het meegevoel met die karakters en hulle omstandighede. Ons wil uitvind wat aan die einde van die toneelstuk gebeur. Ons hoop op 'n beter toekoms vir hulle en vir ons!

5.1 Definieer *Realisme in die Teater*. (2)

5.2 Beskryf die stel van *Nothing but the Truth.* (4)

5.3 Verduidelik waarom 'die toneelspel in 'n realistiese toneelstuk' soms so werklik voorkom 'dat ons daarby aansluiting kan vind' en waarom ons 'met die karakters en hulle omstandighede' meegevoel het (reël 1 en 2).

Verwys na Stanislavski se Sisteem/Metode in jou antwoord. (6)

5.4 Bespreek hoe die struktuur van die realistiese, goed geskepte toneelstuk en die intrige (storielyn) in *Nothing but the Truth* die gehoor wil laat uitvind wat 'aan die einde van die toneelstuk gebeur'. (8)

5.5 Evalueer of die toneelstuk 'hoop op 'n beter toekoms vir hulle en vir ons' (reël 3 en 4) kan bring. (8)

5.6 Verbeel jou jy is 'n regisseur en jy wil graag die toneelstuk *Nothing but the Truth* vir 'n skoolfees opvoer.

5.6.1 Noem TWEE klankeffekte wat reeds in die toneelteks van *Nothing but the Truth* voorkom. (2)

5.6.2 Motiveer hoe die klankeffekte wat in die antwoord op VRAAG 5.6.1 genoem is tot die impak en ervaring van die toneelstuk bydra. (4)

5.6.3 Stel voor hoe die akteurs wat Thando en Mandisa speel hulle karakters vokaal of fisies kan vertolk sodat die gehoor elke karakter kan identifiseer. (6)
**[40]**

## VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

Bestudeer BRON I hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### BRON I: KOMMENTAAR DEUR 'N DRAMATIESE KUNSTE-LEERDER

> Die toneelspel in 'n realistiese toneelstuk kom soms so werklik voor dat ons daarby aansluiting kan vind! Ons het meegevoel met die karakters en hulle omstandighede. Ons wil uitvind wat aan die einde van die toneelstuk gebeur. Ons hoop op 'n beter toekoms vir hulle en vir ons!

6.1 Definieer *Realisme in die Teater*. (2)

6.2 Beskryf die stel van *Groundswell.* (4)

6.3 Verduidelik waarom die 'toneelspel in 'n realistiese toneelstuk' soms so werklik voorkom 'dat ons daarby aansluiting kan vind' en waarom ons 'met die karakters en hulle omstandighede' meegevoel het (reël 1 en 2).

Verwys na Stanislavski se Sisteem/Metode in jou antwoord. (6)

6.4 Bespreek hoe die struktuur van die realistiese, goed geskepte toneelstuk en die intrige (storielyn) in *Groundswell* die gehoor wil laat uitvind wat 'aan die einde van die toneelstuk gebeur'. (8)

6.5 Evalueer of die toneelstuk 'hoop op 'n beter toekoms vir hulle en vir ons' (reël 3 en 4) kan bring. (8)

6.6 Verbeel jou jy is 'n regisseur en jy wil graag die toneelstuk *Groundswell* vir 'n skoolfees opvoer.

6.6.1 Noem TWEE klankeffekte wat reeds in die toneelteks van *Groundswell* voorkom. (2)

6.6.2 Motiveer hoe die klankeffekte wat in die antwoord op VRAAG 6.6.1 genoem is tot die impak en ervaring van die toneelstuk bydra. (4)

6.6.3 Stel voor hoe die akteurs wat Johan en Smith speel hulle karakters vokaal of fisies kan vertolk sodat die gehoor elke karakter kan identifiseer. (6)

**[40]**

## VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET

Bestudeer BRON J hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### BRON J: KOMMENTAAR DEUR 'N DRAMATIESE KUNSTE-LEERDER

> Die toneelspel in 'n realistiese toneelstuk kom soms so werklik voor dat ons daarby aansluiting kan vind! Ons het meegevoel met die karakters en hulle omstandighede. Ons wil uitvind wat aan die einde van die toneelstuk gebeur. Ons hoop op 'n beter toekoms vir hulle en vir ons!

7.1 Definieer *Realisme in die Teater*. (2)

7.2 Beskryf die stel van *Mis.* (4)

7.3 Verduidelik waarom die 'toneelspel in 'n realistiese toneelstuk' soms so werklik voorkom 'dat ons daarby aansluiting kan vind' en waarom ons 'met die karakters en hulle omstandighede' meegevoel het (reël 1 en 2).

Verwys na Stanislavski se Sisteem/Metode in jou antwoord. (6)

7.4 Bespreek hoe die struktuur van die realistiese, goed geskepte toneelstuk en die intrige (storielyn) in *Mis* die gehoor wil laat uitvind wat 'aan die einde van die toneelstuk gebeur'. (8)

7.5 Evalueer of die toneelstuk 'hoop op 'n beter toekoms vir hulle en vir ons' (reël 3 en 4) kan bring. (8)

7.6 Verbeel jou jy is 'n regisseur en jy wil graag die toneelstuk *Mis* vir 'n skoolfees opvoer.

7.6.1 Noem TWEE klankeffekte wat reeds in die toneelteks van *Mis* voorkom. (2)

7.6.2 Motiveer hoe die klankeffekte wat in die antwoord op VRAAG 7.6.1 genoem is tot die impak en ervaring van die toneelstuk bydra. (4)

7.6.3 Stel voor hoe die akteurs wat Miem en Meisie speel, hulle karakters vokaal of fisies kan vertolk sodat die gehoor elke karakter kan identifiseer. (6)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

**VRAAG 8 en 9 is VERPLIGTEND.**

**VRAAG 8**

8.1 Bestudeer BRON K hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON K: WÊRELDOMGEWINGSDAG-PLAKKAAT**




**RED DIE PLANEET! DIT IS IN ONS HANDE!**
***Wêreldomgewingsdag***

Jy wil help om die planeet te red deur 'n Omgewingsteaterproduksie te skep.

8.1.1 Identifiseer TWEE omgewingskwessies (probleme) wat jy in jou Omgewingsteaterproduksie wil uitlig. (2)

8.1.2 Verduidelik hoe jy die werkswinkelproses sou gebruik om jou Omgewingsteaterproduksie te skep. (8)

8.1.3 Motiveer waarom Omgewingsteater kan help om die planeet te red. (2)

8.2 Vergelyk *Realistiese Teater* met *Arm/Gestroopte Teater* en analiseer die volgende elemente van elke teatervorm:

- Verhoogtipe
- Rekwisiete
- Kostuums
- Akteur-gehoor-verhouding

(Sit jou antwoord in tabelvorm uiteen volgens die voorbeeld hieronder. Skryf jou antwoord puntsgewys neer.)

| | **REALISTIESE TEATER** | **ARM/GESTROOPTE TEATER** | |
|---|---|---|---|
| Verhoogtipe | | | (4) |
| Rekwisiete | | | (4) |
| Kostuums | | | (4) |
| Akteur-gehoor-verhouding | | | (4) |

**[28]**

**VRAAG 9**

Bestudeer BRON L hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON L: ONGEMASKERDE TEATER**



**Teater gedurende Covid**



**Teater ná Covid**

Om die ophef van die Covid-19-beperkings te vier, beplan jou plaaslike toneelgeselskap 'n dramafees.

9.1 Identifiseer EEN van die toneelstukke wat jy in Dramatiese Kunste (behalwe jou graad 12-toneeltekste) bestudeer, gelees of gekyk het wat jy graag by die fees op die verhoog sal wil sien. (1)

9.2 Verduidelik waarom die opvoeringstyl van die toneelstuk wat jy in die antwoord op VRAAG 9.1 geïdentifiseer het, in die gehoor se smaak kan val. (3)

9.3 Analiseer die positiewe lewenslesse wat gehore kan leer uit die temas van die toneelstuk wat jy in die antwoord op VRAAG 9.1 geïdentifiseer het. (6)

9.4 Stel die waarde daarvan voor om lewendige teater te kyk, veral na 'n streng grendeltydperk. (2)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**